

Amalek – beeld van die sondige natuur

Inleiding

Daar word dikwels gehoor hoe daar vir gedrag verskoning gemaak word met “Ek is maar so gemaak en so gelaat staan en so moet julle my nou maar opgebruik.” Hierdie is nie ’n Bybelse gesindheid nie, want die Skrif verklaar juis dat die gelowige na bekering ’n proses van verandering moet ondergaan:

*“...En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar **word verander** deur die vernuwing van julle gemoed...” (Rom.12:1-2, my beklemtoning).*

Petrus bevestig dieselfde feit:

*“En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer **by julle geloof voeg die deug**, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde...” (2 Petrus 1:1-8, my beklemtoning).*

Hierdie verandering wat in die karakter van die gelowige moet plaasvind en wat tot geestelike volwassenheid moet lei, is ’n groeiproses wat bemoeilik word deur die neigings van ons sondige natuur. Hierdie sondige natuur word ook die “vlees” of die “eie-ek” genoem. Dit is hierna wat Paulus verwys as hy skryf:

“...want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie...” (Gal. 5:17).

Hierdie negatiewe neiging van die menslike natuur om positiewe verandering te bemoeilik, kan deur ’n Ou Testamentiese skadubeeld geïllustreer word.

Die skadubeeld van Amalek

Onmiddelik nadat die Israëliete se dors geles is deur die water uit die Rots wat deur Moses geslaan is (’n beeld van Christus wat op die kruis “geslaan” is en die lewende water wat uit Hom vloeit (1 Kor. 10:4), word hulle weg na hul beloofde land, Kanaän, deur die Amalekiete versper (Ex. 17). Gewoonlik word Kanaän gesien as ’n beeld van die hemel waarheen die gelowige oppad is. Dit kan egter nie so wees nie, want die Israëliete moes veg vir elke stukkie grond wat hulle in die Beloofde Land in besit wou neem (Rigters 1:1-3), terwyl om in die hemel te kom net geloof in die volbragte werk van Jesus aan die kruis is nodig. Die “kanaän” waarheen die gelowige in hierdie lewe oppad is, is ’n beeld van ’n innerlike toestand waar die heerskappy van Christus in die vorm van **“geregtigheid, vrede en blydskap in die Heilige Gees”** ervaar word:

“Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees” (Rom. 14:17).

Net soos die Amalekiete, is die sondige natuur die gelowige se vyand wat in die pad staan en teenstand bied teen die werking van die Heilige Gees.

Skriftelike redes hoekom Amalek as ’n skadubeeld van die sondige natuur geneem kan word

“...Esau het moeg uit die veld gekom. Toe sê Esau vir Jakob: Laat my tog sluk van die rooigoed daar, want ek is moeg. En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my. En Esau sê: Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan? ...En hy het...sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop...So het Esau dan sy eersgeboortereg verag” (Gen. 25:29-34, my beklemtoning).

Die eintlike rede hoekom Esau sy geboortereg verkwansel het, word in vers 34 genoem – dit was omdat hy die belofte dat die Messias deur sy nageslag gebore sou word, geminag het. Jakob, weer, moes die waarde van die belofte van ’n komende Messias, besef het. Soos in Esau se geval, kan God min uitrig met iemand wat nie besef hoe afhanklik hy of sy van God is nie en Hom as irrelevant beskou wanneer dit by die dinge van die lewe kom. Dit is seker hoekom God Jakob lief gehad het en hoekom Hy Esau verwerp het (**Mal. 1:2-3**).

Wat is die verband tussen Esau en Amalek?

“Dit is dan die geskiedenis van Esau... Dit is die name van die seuns van Esau: Élifas, die seun van Ada, die vrou van Esau; Réhuel, die seun van Basmat, die vrou van Esau... En Timna was ’n byvrou van Élifas, die seun van Esau; en sy het vir Élifas gebaar Amalek” (Gen. 36:9-12, my beklemtoning).

Esau was Jakob vyandiggesind omdat Jakob nie net die geboortereg by hom afgeneem het nie, maar ook omdat Jakob Isak mislei het om hom in die plek van Esau te seën (**Gen. 27:41**) en omdat Amalek Esau se kleinseun was, is sy oupa se vyandigegesindheid teenoor Israel, klaarblyklik deur voorbeeldstelling aan hom oorgedra.

Iets wat volgens God onthou moet word

“Dink aan wat Amalek op die pad by julle uittoeg uit Egipte aan jou gedoen het, hoe hy jou op die pad teëgekomen het en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, verslaan het terwyl jy moeg en mat was, en hy God nie gevrees het nie. As dan die HERE jou God vir jou rus gee van al jou vyande rondom...dan moet jy die gedagtenis van Amalek onder die hemel uitdelg; vergeet dit nie” (Deut. 25:17-18, my beklemtoning).

Toepassing

Netsoos Israel die Amalekiete moes oorwin voordat hulle op hul weg na die Beloofde Land kon voortgaan, moet die gelowige die neigings en versoekinge van sy sondige natuur weerstaan om meer en meer van die vrug van die Gees te demonstreer (**Gal. 5:16-22**). Op die mees blatante vlak, veral in die tyd wat ons nou leef, word die invloed van die sondige geaardheid van die mens gesien in wat in die gemeenskap om ons gebeur:

*“seksuele sondes, onreinheid, **losbandigheid**, afgodery, towerkuns, vyandigheid, rusie, jaloesie, woede, selfsugtige ambisie, verdeeldheid, partyskappe, afguns, dronkenskap, wilde partytjies, en al sulke dinge” (Gal. 5:19-21, my beklemtoning!).*

Alhoewel ons as Christene ons seker nie meer skuldig maak aan van hierdie growwe sondes van die sondige geaardheid nie, word die invloed van die vlees tog op ’n meer subtile vlak ervaar. Ons ervaar mos hoe ons moet stry teen dinge soos ongeduld, onbeskofftheid, onbedagsaamheid, liggeraaktheid, onvergewensgesindheid en onenigheid. Dit veral hierdie *“klein jakkalsies”* wat die *“wingerde verniel”* (**Hooglied 2:15**) en hartseer en verdriet in baie verhoudinge veroorsaak.

Die Bybelse oplossing

Die Ou Testamentiese skadubeeld van verlossing leer ons dat die bloed van die lammers aan die deurkossyne van Israel (Beeld van die Bloed van Jesus wat verlossing bewerkstellig) hulle beskerm het teen die doodsengel, maar dit het hulle nie beskerm teen die aanslag van die Amalekiete nie; teen die Amalekiete moes hulle self veg. So ook red geloof in die bloed van Jesus Christus jou van ’n ewige oordeel en ’n hel en bewerkstellig vir jou die ewige lewe, maar dit red jou nie outomaties van jou sondige natuur nie; oor die “eie-ek,” of die vlees, moet daar deur gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees en deur gedissiplineerde geestelike groei, oorwinning verkry word. Oorwinning oor die sondige natuur is nie ’n eenmalige ervaring nie, maar iets wat daagliks van situasie tot situasie moet plaasvind en dit is ook die hoë vereiste wat Jesus vir dissipelskap stel:

*“As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis **elke dag** opneem en My volg” (Luk. 9:23, my beklemtoning).*

’n Mens moenie vergeet wat God gesê het onthou moet word nie!

God se opdrag aan Moses, die leier van Israel, was:

*“...**Skryf op wat vandag gebeur het sodat julle dit altyd kan onthou...dat Ek Amalek se naam totaal sal uitwis...Die Here sal nooit ophou om teen Amalek te veg nie”** (Ex. 17:14-16, my beklemtoning).*

Die opdrag aan Saul as die eerste koning van Israel, was dieselfde:

*“So sê die HERE van die leërskare: Ek het terdeë gelet op wat Amalek Israel aangedoen het, dat hy hom in die weg gestaan het by sy optog uit Egipte. **Gaan nou en verslaan Amalek**, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het; en jy mag hom nie verskoon nie, maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou, kind en suigling, bees en kleinvee, kameel en esel” (1Sam. 15:2-3).*

Koning Saul was egter ongehoorsaam en het Agag, koning van die Amalekiete en die beste van die vee gespaar. Dit is ironies dat die man wat Saul die doodslag gegee het, ’n Amalekiet was, iemand wat aan ’n stam behoort het wat uitgewis moes word! (2 Sam. 1:8). So ook was Haman wat koning Ahasveros wou beïnvloed om al die Jode uit te wis, ook ’n Amalekiet! (Ester 3:1-10). Dit is interessant om daarop te let dat Herodus wat al die seuntjies onder twee jaar oud om Betlehem laat vermoor het met die hoop dat die Koningskind daardeur uitgewis sou word, ’n Idumeër was en dat die Idumeërs afstammeling van die Amalekiete was (https://en.wikipedia.org/wiki/Herod_the_Great). (Unger’s Bible Dictionary, bl.515).

Die geestelike les wat hieruit geleer kan word, is dat jy die eie-ek genadig kan wees en hom spaar, maar jou kompromie gaan uiteindelik ernstige geestelike reperkussies hê!

Wanneer is ’n mens die kwesbaarste vir die versoeking van jou sondige geaardheid?

*“Dink aan wat Amalek op die pad by julle uittog uit Egipte aan jou gedoen het, hoe hy jou op die pad teëgekome het en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, verslaan het **terwyl jy moeg en mat was...** (Deut. 25:17-18, my beklemtoning).*

Wees versigtig wanneer jy na ’n lang dag by die werk, moeg en honger by die huis kom. Moegheid verlaag ’n mens se selfbeheersing en laat jou soms irrationeel optree en dan sê en doen jy miskien dinge waarvoor jy later spyt is. Hou dit in gedagte, as jy moeg en uitgeput is, gaan braai ’n lekker biefstuk en gaan rus.

Slotsom

Die vlees kan ’n handige instrument in die hand van die bose wees om geestelike voortuitgang in die lewe van die gelowige te belemmer. Wat die sondige natuur betref is dit dus belangrik dat ’n mens doen wat Jesus sê:

*“As julle My volgelinge wil wees, moet julle julle **eie-ek** prysgee, elke dag julle kruis opneem en My volg” (Luk. 9:23, my beklemtoning, NLV).*

Petrus se raad is: *“Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle. Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof...” (1 Pet.5:6-9).*

Nick Maartens
0827826074, nickmaartens@hotmail.com
Jeffreysbaai